



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
GRAAD 4 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TOETS**

| | |
|--------------|--|
| PUNTE | |
|--------------|--|

PUNTE: 50

TYD: 1½ uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

| | | | | | | | | |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|
| | | | | | | | | |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|

KLAS (bv. 4A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

| | |
|-------------|--|
| SEUN | |
|-------------|--|

| | |
|---------------|--|
| DOGTER | |
|---------------|--|

GEBOORTEDATUM

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

Hierdie toets bestaan uit 14 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder:

1. Die onderwyser sal die instruksies lees en die oefenvoorbeelde saam met jou doen.
2. Lees al die instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
4. Waar daar meervoudigekeuse-vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
5. Waar een woord verwag word, skryf slegs die woord in die spatie wat voorsien word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeelde

1. Watter land word deur die Bafana Bafana-sokkerspan verteenwoordig?

- A Australië
- B Suid-Afrika
- C Kameroen
- D Nigerië

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy B omkring het.

2. Watter woord is die selfstandige naamwoord in die volgende sin? Skryf die woord op die lyntjie.

Die boek is interessant.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy “boek” op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes hoekom jy skool hierdie jaar gaan geniet.

Jy moes in volsinne op die lyntjies iets soortgelyk as die antwoord hieronder geskryf het.

Ek sal hierdie jaar baie geniet, want my Afrikaanse-juffrou is vriendelik.

Ek sal dit ook geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

Die toets begin op die volgende bladsy.

DAAGLIKSE NUUSBLAD

Jong swemmer red skoolseun

Deur Elisabeth Smith

Saterdag, 8 September 2014

- 1 Bongi Shabalala, 'n 12-jarige graad 5-leerder, het 'n skoolseun van verdrinking uit 'n dam gered.
- 2 Die agtjarige Michael Naidoo het Vrydagmiddag in die Wilde Dam naby die skool geswem. Volgens berigte het die graad 3-seun uit 'n boom probeer duik, maar sy kop het 'n tak getref voordat hy in die water geval het. Bongi, wat van die skool af op pad huis toe was, het die seun in die dam sien dryf. Sy het onmiddellik ingedui om hom te red.
- 3 Bongi het die seun uit die dam gehaal en noodhulp op hom toegepas. Die Rooikruis sê dat as iemand ophou asemhaal, jy onmiddellik moet optree.
- 4 Gelukkig het Anne Brown, Bongi se vriendin, verby die ongelukstoneel geloop. Sy het na die plek gegaan waar Bongi besig was om die seun te help. Sy het die skoolhoof van die skool gaan roep, wat die nooddienste gebel het.
- 5 Bongi sal 'n prys ontvang omdat sy dapper was en Michael Naidoo se lewe gered het.
- 6 Die hoof, mnr. Makhanya, het al die skoolkinders gewaarsku om nie alleen dam toe te gaan nie.

[Aangepas uit DBO Werkboek]

1. Wat is die naam van die koerant?
- A Daaglikse Son
 - B Daaglikse Verslag
 - C Daaglikse Nuusblad
 - D Daaglikse Volksblad
- (1)

2. Die hoofopskrif van die koerant is: Jong swemmer...
- A red hond
 - B hou van die dam
 - C maak vriende
 - D red skoolseun
- (1)

3. Wie het die berig geskryf?
- A Anne Brown
 - B Elisabeth Smith
 - C Michael Naidoo
 - D Bongji Shabalala
- (1)

4. Hoe het Bongji die seun gered? (Paragraaf 2)
- Bongji het ...
- A in die water gedryf.
 - B in die water geduik.
 - C die seun na die dam geneem.
 - D die nooddienste gebel.
- (1)

5. Dink jy Bongji moet 'n prys kry omdat sy die seun se lewe gered het?
Gee 'n rede vir jou antwoord.
-
-
- (2)

6. Hoekom, dink jy, was Bongi 'n dapper meisie?
- _____
- _____ (1)
7. Skryf die korrekte spelling van die onderstreepte woord neer.
- Bongi is 'n daper meisie. (1)
- _____
8. Watter les het jy uit die storie geleer?
- A Reddingsdienste red nie lewens nie.
- B Kinders sal nie in 'n dam vedrink nie.
- C Kinders moet nie alleen swem nie.
- D Michael Naidoo het verdrink. (1)
9. Michael Naidoo was ... jaar oud. (Paragraaf 2)
- A 3
- B 5
- C 8
- D 12 (1)
10. Hoe dink jy, het die seun gevoel toe die meisie sy lewe gered het?
- A Hartseer
- B Gelukkig
- C Alleen
- D Kwaad (1)
11. Skryf die korrekte woord tussen hakies.
- Daar was ('n paar/min) water in die dam.
- _____ (1)

12. Skryf die korrekte werkwoord tussen hakies.
Anne Brown (geloop/loop) verby die dam.
_____ (1)
13. Watter woord in die leesstuk het dieselfde betekenis as "om lug in te neem"? (Paragraaf 2)
- A duik
 - B loop
 - C asemhaal
 - D swem
- (1)
14. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.
Michael (swem) in die dam.
Gister _____ (1)
15. Skryf die volgende sin oor deur 'n hoofletter en 'n punt te gebruik.
bongi het die seun gehelp
_____ (2)
16. Skryf die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.
Die skoolhoof (is/wees) gelukkig.
_____ (1)
17. In watter sin word die aanhalingstekens korrek gebruik?
- A Die skoolhoof het gesê, "Mnr. Makhanya praat met die kinders.
 - B Die skoolhoof het gesê: "Mnr. Makhanya praat met die kinders."
 - C Die skoolhoof het gesê, Mnr. Makhanya praat met die kinders."
 - D "Die skoolhoof het gesê, Mnr. Makhanya praat met die kinders."
- (1)

18. Skryf die korrekte voornaamwoord uit die blokkie.

| | | |
|------|-----|----|
| haar | hom | sy |
|------|-----|----|

Die meisie het _____ vriendin gehelp.

(1)

19. Bongi is 'n dapper meisie.

Die woord "dapper" is 'n ...

A werkwoord.

B selfstandige naamwoord.

C bywoord.

D byvoeglike naamwoord.

(1)

20. Skryf die korrekte woord tussen hakies.

Die kinders (was/het) swemlesse geneem.

(1)

21. Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.

Bongi het 'n prys ontvang.

Môre _____

(1)

22. Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd oor.

Die meisie het 'n prys ontvang.

(1)

23. Skryf die volgende sin oor in die ontkennde vorm.

Die seun het sy kop gestamp.

(1)

24. Wat is die korrekte afkorting vir die woord Meneer?

- A Mnr.
- B Me.
- C Mej.
- D Mev.

(1)

25. Watter voorvoegsel sal aan die onderstreepte woord die teenoorgestelde betekenis gee?

| | | | |
|-----|------|------|------|
| on- | mis- | nie- | ont- |
|-----|------|------|------|

Die skoolkinders is gehoorsaam.

(1)


_____gehoorsaam.

Lees die inligtingteks en beantwoord vraag 26-30.

Die Groot Vyf


- 1 Suid-Afrika se Groot Vyf-diere is die leeu, olifant, renoster, buffel en luiperd. Mense kom van regoor die wêreld om die Groot Vyf in ons natuurreservate te sien. Ons moet hierdie diere beskerm teen wilddiewe wat hulle wil jag en doodmaak.

2 **Luiperds**




Luiperds eet vleis en is goeie jagters. Hulle is baie sterk.

3 **Leeus**



Die leeu word die Koning van die Oerwoud genoem. Hulle is sterk, dapper en pragtig. Die wyfies sorg vir die welpies en doen die meeste van die jagwerk.

4 **Olifante**




Olifante eet takke, blare, gras en boombas. Hulle het 'n slurp wat eintlik 'n baie lang neus is.

5 **Buffels**



Buffels leef in groot troppe. Hulle het 'n slegte humeur en is gevaarlike diere. Hulle beskerm hulle jong kalfies.

6 **Renosters**



Die renoster is die wêreld se tweede grootste landdier. Renosters word deur wilddiewe doodgemaak vir hulle horings.

26. Die woord “slurp” verwys na ’n lang ... (Paragraaf 4)
- A stert.
 - B horing.
 - C neus.
 - D mond.
- (1)

27. Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul.
- Renosters word doodgemaak vir hulle _____.
- (1)

28. Wat doen die wilddiewe aan renosters?
- _____
- (1)

29. Die renoster is die wêreld se derde grootste landdier.
Merk (✓) die korrekte antwoord.

| | | | |
|------|--------------------------|--------|--------------------------|
| Waar | <input type="checkbox"/> | Onwaar | <input type="checkbox"/> |
|------|--------------------------|--------|--------------------------|

Gee ’n goeie rede vir jou antwoord.

(2)

30. Hoekom word die leeu die Koning van die Oerwoud genoem?
- _____
- (1)

31. Skryf die korrekte meervoud van “tak”.
- Een tak, maar baie _____
- (1)

32. Verbind die twee sinne.
Luiperds eet vleis. Luiperds is goeie jagters. (en)
Luiperds eet vleis en _____ (1)
33. Vul die korrekte voorsetsel in.
Buffels leef _____ groot troppe. (1)
34. Wat is die versamelnaam vir leeus?
'n ... leeus slaap onder die boom.
A Kudde
B Pak
C Trop
D Groep (1)
35. Vind 'n woord in die teks wat 'n antoniem (teenoorgestelde) is van "klein".
(Paragraaf 5)
_____ (1)
36. Voltooi die volgende sin.
'n Babaleeu word 'n _____ genoem. (1)
37. Skryf die sin oor en gebruik 'n komma.
Olifante eet takke blare en gras.

_____ (1)


38. Skryf **een** paragraaf (6 sinne) oor wat jy wil word wanneer jy groot is, byvoorbeeld 'n onderwyser, dokter, verpleegster, polisieman, brandweerman, sjef, danser, motorwerktuigkundige, ensovoorts.

Gebruik die kopkaart hieronder om jou te help.

Jou paragraaf moet die volgende inligting insluit:

- Waarom wil jy 'n ... word?
- Waar wil jy gaan werk? (plek)
- Watter klere sal jy dra? (uniform)
- Watter soort werk gaan jy doen? (pligte)

Onthou om aandag te gee aan spelling, taalgebruik en leestekens.



Skryf jou finale paragraaf op hierdie bladsy.

Wat ek wil wees wanneer ek groot is.

(9)

Die volgende is slegs vir gebruik deur die onderwyser/nasiener.

Punttoekenning vir vraag 38.

| Kriteria | Maksimum Punt | Leerder Punt |
|---|---------------|--------------|
| 38.1 Beplanning | | |
| Relevante beplanning is gedoen. | 1 | |
| Beplanning is gedoen, maar nie relevant nie. | 0 | |
| 38.2 Formaat | | |
| Die leerder het 'n paragraaf geskryf en nie puntsgewys (een sin onder die ander) nie. | 1 | |
| Leerder het ten minste 6 eenvoudige sinne geskryf. | 1 | |
| 38.3 Inhoud (Punt word toegeken as die leerder die vraag beantwoord.) | | |
| Wat wil jy wees wanneer jy groot is? | 1 | |
| Waarom wil jy 'n ... word? | 1 | |
| Watter klere sal jy dra? (uniform) | 1 | |
| Watter soort werk gaan jy doen? (pligte) | 1 | |
| Waar wil jy gaan werk? (plek) | 1 | |
| Inhoud is geskryf, maar geen vrae beantwoord nie. | 0 | |
| 38.4 Taalgebruik | | |
| Variasie van soort sinne met gepaste puntuasie. | 1 | |
| Korrekte spel- en taalgebruik. | 1 | |
| TOTAAL | 10 | |

GROOTTOTAAL: 50